# JEUGLES – Bekering

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. MATERIAAL VIR DIE AAND:

- Ons gaan NIE 'n ysbreker voor die les speel nie, want die hele les is vol speletjies en illustrasies.
- Elke leier kom kry VOOR praise and worship 'n sak by my waarin die artikels soos hieronder in sal wees.
- Hou dit by jou en haal dit uit wanneer ons dit gebruik NIE voor die tyd nie, en moet ook nie dat dit kinders sien wat in die sakke is nie.
- By hierdie afdeling doen ek die praatwerk en julle doen die speletjies daar waar julle sit.
- Maak asb seker jy weet hoe om 'n kind na die Here te lei, ek het die inligtingstuk weer vir julle aangeheg, want ek sou bitter graag wou hê dat dit JOU voorreg as leier is as dit een van jou kinders is!

| | |
|---|---|
| 1. God het die wêreld goed en mooi gemaak – perfek soos 'n toiletrol voordat dit afgerol is. Elke stukkie is perfek op die vorige gedraai.<br><br>Maar satan kom toe in die tuin van Eden, hy verlei vir Eva en Adam en hulle eet van die verbode vrug en daar word ons van God geskei. * Toiletrol word afgerol. *<br><br>***<u>Opdrag</u>***: kyk of julle die toiletpapier weer kan opdraai sodat die rol lyk soos aan die begin?<br><br>Kon julle dit regkry? Nee, dis te moeilik, ons weet nie hoe nie, ons het nie die 'tools' nie. | ***Toiletrol*** wat afgerol is |
| 2. Jy sien, ons kan nie by God uitkom soos ons is nie, want ons doen sonde en staan lelik en vuil voor God, want Hy is Heilig en doen nie sonde nie!<br><br>***<u>Rom 3:23</u>*** Sê:<br>Almal het gesondig en is ver van God af.<br><br>***<u>Opdrag</u>***: kyk of julle AL die tandepaste weer in die buisie kan terugkry. Jy mag nie die buisie sny of breek op enige plek om jou te help nie!<br><br>Kon julle dit regkry? Nee, dis nie moontlik nie.<br><br>En so is dit met sonde – wanneer ons dit gedoen het is daar NIKS wat ONS kan doen om weer reg te maak of 'terug' te sit nie | - leë ***tandepaste*** buisie<br>- houertjie met die tandepaste in<br>- tandestokkie |
| 3. Maar God is BAIE lief vir ons, en daarom het Hy self 'n plan gemaak sodat ons weer by Hom kon uitkom.<br><br>**Joh 3:16-17** God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die | ***Puzzel*** waarvan 3 van die stukke 'weg' is |

| | |
|---|---|
| wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word<br><br>***Opdrag***:  bou gou julle puzzels<br>Daar is fout!!! 3 van die stukke is nie daar nie!<br><br>Jy sien, NIKS wat ek of JY doen kan ons by God uitbring nie, nie goeie werk of 'n mooi lewe nie.<br><br>Joh 14:6 het die 3 missing clues<br><br>**Joh 14:6**  Jesus het vir hom gesê: "Ek is die WEG en die WAARHEID  en die LEWE . Niemand kom na die VADER behalwe deur  MY  nie. | Steek die puzzelstukke weg in die kerk, die kinders moet dit gaan soek |
| 4. Wat gebeur as ek NIE vir Jesus kies nie?<br><br>***Die HEL***<br><br>Wat gebeur as ek Jesus kies?<br><br>***Die HEMEL saam met Jesus vir ewig.***<br><br>**Rom 6:23**<br><br>Die loon wat die __________ gee, is die __________; die genadegawe wat God gee, is die ________________ IN Christus Jesus ons Here.<br><br>***Opdrag*****:** Ons gaan nou speel dat die verhoog die wêreld is, die vloer die hel, en die banke die hemel. Julle moet nou aan 'n manier dink hoe om van die verhoog tot by die banke te kom, sonder om in die vloer te trap. | Elke groep gaan 1 stoel kry met 'n letter van Jesus se naam op.<br><br>Die groepe moet probeer uitwerk dat as hulle saamwerk en mekaar se stoele gebruik  dan spel die stoele Jesus en dan kan hulle 'oor' die hel beweeg op die stoel – JESUS – wat die brug vir hulle is. Ek en Les gaan ook elkeen 'n stoel hê waarop 'n kruis geplak is, want met 5 stoele kan jy nie anderkant kom nie. 5 Groepe gaan moet saamwerk om hulle brug met Jesus te kan bou, en dan 1 stoel met 'n kruis op by een van ons kry.<br><br>Die leiers mag op die vloer trap en die kinders oorhelp, want hulle verteenwoordig die mense op ons pad wat ons bearbei en na Jesus toe lei. |
| 5. My Bybel sê dat ALMAL wat in Jesus glo en Hom aanneem as hulle Verlosser gered SAL word. **Rom 10:9**<br><br>Maar weet jy dat satan NIE wil hê dat jy jou hart vir Jesus moet gee nie?  Hoe weet ons dit?<br><br>Daar is dag en nag 'n fight oor JOU in die hemel aan die gang satan probeer aan die een kant keer dat jy nie jou hart vir Jesus | Annatjie en vrywilliger doen illustrasie |

| | |
|---|---|
| gee nie – en God trek aan die ander kant hard dat jy jou hart vir Hom moet gee.<br><br>**ILLUSTRASIE**: Kry 'n vrywilliger en demonstreer die volgende met 'n swart sak vol sondes se name geplak – God kom dan Hy 'trek' die swart sak uit trek 'n nuwe skoon hemp vir jou aan<br><br>**Sag 3:1** sê satan gaan na God toe met 'n klomp leuens oor jou – hy kla jou aan voor God – hy wys vir God wat jy alles verkeerd doen. Dis die leuens wat hy in JOU kop plant.<br><br>En wat doen God dan? In **Sag 3:2-5** lees ons dat God jou vergewe en trek vir jou skoon klere aantrek. M.a.w. Hy sê dat Hy nie 'omgee' dat jy vuil is nie, Hy luister nie na satan se leuens oor jou nie – HYSELF maak jou skoon, want NET Hy kan!<br><br>Jy sien, dis AWESOME om te weet dat God vir my veg, en dat Hy vir my skoon klere wil aantrek, MAAR God het die keuse aan JOU oorgelaat. Lees gou Open 3:20 in julle groepe.<br><br>***Open 3:20 "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by homingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My"***<br><br>God het die keuse vir JOU gelos om die leuens van satan te glo, en die fight te verloor, en nooit by die prys uit te kom nie, OF om te KIES om nie verder die leuens te glo nie, Jesus aan te neem – die fight te wen en die prys wat die ewige lewe is te kry! | |
| 6. Bereken die koste: **Luk 14:28-29**<br><br>***"Wie van julle wat 'n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie? Anders, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf"***<br><br>Wanneer ek die dag tot bekering kom / my hart / lewe vir Jesus gee maak dit nie saak wat ek gedoen HET nie, wat wel saakmaak is dat my lewe moet verander NADAT ek my lewe vir Jesus gegee het. Dit kos 'n prys, en Luk 14:28 sê dat ek VOORDAT ek my lewe vir Jesus gee, ek eers die koste moet bereken, m.a.w. ek moet besluit of ek kans sien vir die PRYS wat dit my gaan kos om Jesus te volg.<br><br>***Wat is die prys***? Verkeerde vriende, jou tyd, kwaadpraat, skinder, vuil taal, pornografie, seks, drank, dwelms ens.<br><br>My lewe moet verander wanneer ek die dag my lewe vir Jesus gee, te veel mense wil Jesus hê, maar dink hulle kan aanhou leef soos hulle geleef het, en DIT is nie wat die Bybel sê nie, daarom is dit belangrik dat jy voor die tyd sal besluit of jy kans sien vir dit wat hierdie stap jou gaan 'kos'. | |

## 3. Bekering

As jy vanaand voel jy is op die plek waar jy jou hart/lewe/alles vir Jesus wil gee, dan kom jy na die tyd na jou leier en hulle sal jou daarmee help.

## 4. Sluit af met gebed en deel selfone uit.

# JE

SU

S